POSSUMUS

Beste Ouers 23 Maart 2022

**KULTUUR**

Daar het verskeie opwindende dinge in die kultuurdepartement tydens die eerste kwartaal plaasgevind en ons is opgewonde oor die tweede kwartaal se aktiwiteite.

**Musiekdepartement**

Die musiekdepartement het tans om en by 30 leerders wat musieklesse ontvang. Instrumente wat bespeel word, sluit die volgende in:  klavier, klawerbord, blokfluit, kitaar en dwarsfluit.

**Kore**

Die seniorkoor bestaan tans uit 60 leerders en die juniorkoor bevat 80 leerders in totaal.  Daar sal aan die begin van die tweede kwartaal langer werkswinkel-sessies met die koorlede wees om sekere musiekstukke in te oefen en die stemme te ontwikkel.  Laasgenoemde is baie belangrik, aangesien daar vir twee jaar, as gevolg van Covid, nie gesing is nie.

Die kamerkoor sal met die aanvang van die tweede kwartaal eers ‘n oudisieproses van stapel stuur, waarna ‘n kleiner groep leerders gekies sal word om in die kamerkoor te wees.

Die skool sal die 17de Mei die gasheer wees vir ons jaarlikse koorfees. Ander skole se kore word uitgenooi om die praggeleentheid by te woon en die gehoor met hul suiwer stemme te vermaak.

**Kuns**

In 2021 het ons ‘n splinternuwe GSF Kunsprogram op die been gebring.  Die leerders ontvang spesialis opleiding deur Mev. Strauss.  Hulle skeppinge is besonders.  Ons het hierdie jaar vir die eerste kwartaal, 29 graad 2 leerders en 30 graad 3 leerders gehad wat pragtige werke geskep het.  ‘n Groep graad 1 leerders sal vanaf die tweede kwartaal by die kunsprogram inskakel.

**Drama**

Aan die begin van die eerste kwartaal, is daar oor ‘n bestek van twee weke, oudisies gehou vir leerders wat deel van die dramaklub wil wees.  Ongelukkig, kan daar slegs ‘n maksimum van 40 leerders in die dramaklub geakkommodeer word, aangesien die aanbied en praktiese uitvoer van lesse bemoeilik word indien die groep groter is.

**Senior dramaklub**

Ons is baie opgewonde om ‘n groot groep talentvolle graad 4 – 7 leerders in die senior dramaklub te kan akkommodeer. Gedurende die eerste kwartaal het die lesse op die volgende aspekte gefokus: Spraakmeganisme waaronder asemhaling, neutrale liggaamsposisie, artikulasie en dan bewegingsmoontlikhede. Die leerders word aan verskeie unieke scenario’s blootgestel. Elke les bestaan uit opwarming, vaardigheidsontwikkeling en ‘n praktiese uitvoering, waarna nabetragting en refleksie plaasvind.

Die senior dramasessies word op Dinsdae van 15:00 tot 17:00 aangebied. Daar sal deur die loop van die jaar op kleiner toneel-aanbiedings gefokus word wat vir die skoolleerders opgevoer sal word. Ons het alreeds ‘n groep van die dramaklub gehad wat aan ‘n kort bemarkingstoneel vir die Pretstap gewerk het. Dit is vir die hele skool se leerders tydens twee saalbyeenkomste aangebied. Laasgenoemde was om al die leerders in te lig oor die opkomende pretstap en wat dit behels.

**Junior dramaklub**

Daar is ‘n groot stuk opgewondenheid rondom die feit dat ‘n jarelange droom waar geword het.

Ons het die groenlig gekry om ‘n junior dramaklub op die been te bring. Ons het hierdie jaar ‘n groep graad 3 leerders wat deur Me. van der Merwe opleiding ontvang. Die leerders word alreeds blootgestel aan sleutelvaardighede wat hulle alreeds op ‘n gevorderde vlak van ontwikkeling sal plaas, sodat hulle aan konserte, produksies en toneel-aanbiedings kan deelneem.

Die graad 3 groep is ook vir die Eisteddfod ingeskryf om ‘n gedramatiseerde spreekkoorstuk aan te bied. Laasgenoemde sal ook een van hulle spogprojekte vir 2022 wees.

**<u>Tygerberg Internasionale Eisteddfod</u>**

Die eerste kwartaal is gebruik om in die onderskeie grade leerders te identifiseer wat in verskeie kategorieë ingeskryf kon word. Daar is vele oudisies gehou, aangesien die Eisteddfod slegs ‘n beperkte hoeveelheid leerders in die onderskeie kategorieë toelaat. Ons het ‘n rekordtal van 180 leerders van graad 1 tot 7 ingeskryf en die kategorieë sluit die volgende in:

Gedigte, Poems, Musiek instrumente, Redenaars, Kreatiewe skryf, Creative writing, Leesgroep, Gedramatiseerde spreekkoor, Skryf van poësie, Handskrif, Hand writing, Onvoorbereide lees, Unprepared reading en verskeie musiek kategorieë.

Daar sal in die tweede kwartaal alreeds sekere van die bogenoemde kategorieë afgehandel word. Die tweede en derde kwartale is wanneer intensiewe afrigting sal plaasvind sodat die leerders gereed sal wees vir Julie en Augustus wanneer die res van die afdelings beoordeel sal word.

**Landsdiens**

Ons is bevoorreg om hierdie jaar 75 lede in die landsdiens te hê. Die leerders het alreeds 'n piekniek in die eerste kwartaal gehou, asook 'n kamp in Touwsrivier bygewoon. Vir die tweede kwartaal word daar opwindende aktiwiteite beplan. Daar is verskeie handvaardigheidslesse, asook uitstappies en kampe wat in die tweede kwartaal voorlê. Ons is opgewonde om al die terugvoer te ontvang en die foto's te besigtig. Baie sterkte aan Mevrou Mostert wat soveel tyd opoffer om vir ons leerders hierdie geleenthede te skep.

**Dans**

Dinsdae middae bied *Jaqueline's Academy of Dance*, opleiding vir baie van ons leerders in verskeie dansstyle.

Daardie dansstyle sluit in: Hip-Hop, Ballet, "Tap" en Moderne dans. Ons dansers neem ook aan die Tygerberg Internasionale Eisteddfod deel en hou konserte deur die loop van die jaar. In die vierde kwartaal hou ons 'n Kultuurkarnaval waartydens Jaqueline's Academy of Dance se dansgroepe deelneem.

**Ter afsluiting**:

Op kultuurvlak poog ons om soveel moontlik aktiwiteite vir ons leerders aan te bied.

Die kind se holistiese ontwikkeling is van kardinale belang.

'n Gebalanseerde kind, is 'n gelukkige kind.

N. van der Walt (Mev.)

KULTUURHOOF